Wys my die weg, Here

# Laat ons nie doelloos, nutteloos bly

## Bybelteks

*Die Here het Israel en Juda by monde van elkeen van sy profete ... gewaarsku: "Draai terug van julle verkeerde paaie af! Kom my gebooie en vaste voorskrifte na ..." Maar hulle het nie geluister nie. Hulle was so hardnekkig soos hulle voorouers, wat hulle vertroue nie gestel het in die Here hulle God nie. Hulle het sy vaste voorskrifte en sy verbond wat Hy met hulle voorouers gesluit het, verwerp ... Hulle het agter nuttelose afgode aangeloop en self nutteloos geword.*

**– 2 Konings 17:13-15**

## Kernwaarheid

**Die volk Israel het gekies om aan God ongehoorsaam te wees. Ons moet anders as Israel wees en na God luister.**

### WELKOM

- Dink aan die week wat verby is. Waaraan het jy jou tyd bestee? Dalk werk of studies, sosiale media, vermaak soos Netflix of YouTube, oefening, slaap, sosiale aktiwiteite, tyd saam met die Here, jou familie?
- Hoeveel van hierdie dinge verryk jou lewe?
- Hoeveel hiervan is sinneloos?
- Hoeveel van hierdie aspekte versterk jou verhouding met die Here?

### WONDER

- Waarna verwys die verbond?

- Hoe het Israel die verbond verbreek?
- Hoe het hulle ontrouheid aan God hulle lewe beïnvloed?
- Hoekom sal mense eerder afgode najaag as om na God te luister?
- Wat is die uitwerking van afgode in ons lewe?

## WEES

Beantwoord die volgende vrae na aanleiding van die demonstrasie wat julle met die gholfballe en die sand gedoen het.

- Watter dinge, wat eintlik nie so belangrik is nie, word vir ons soms baie belangrik?
- Hoe lyk dit wanneer iets vir ons soos 'n afgod word?
- Hoe beïnvloed die dinge wat soos afgode vir ons is ons lewe?
- Watter dinge is veronderstel om die belangrikste in ons lewe te wees?
- Hoe kan ons sorg dat ons hierdie dinge die nodige plek in ons lewe gee?

## WEGSTUUR

Kyk weer na die lys van dinge waaraan jy jou tyd die afgelope week bestee het. Is daar moontlike aanpassings wat jy kan maak om jou verhouding met die Here te versterk? Probeer die aanpassings hierdie week toepas.